

## Geliefde Lourensrivierder

Ai, dis lekker om weer met jou te "connect" na 'n welverdiende skoolvakansie vir kinders, ouers en onderwysers! Mag hierdie derde kwartaal vol sukses, vreugde vrede en omgee wees. Mag ons nooit moed verloor en ophou om 'n verskil in ander se lewens en die wêreld te maak nie ♥

Daar is hierdie storie van 'n man wat op 'n strand gaan stap het. Op die strand het daar honderde seesterre gelê wat uitgespoel het en daar was 'n persoon besig om die seesterre terug te gooi. Die man wat op die strand gaan stap het, het vir die persoon gesê dat hy sy tyd mors aangesien daar net te veel seesterre

uitgespoel het. Die persoon het egter net voortgegaan en nog 'n seesterre teruggegooi, waarna hy gesê het:

"Ek het 'n verskil in daardie een se lewe gemaak!"

Rick Warren sê in sy boek, "n Doelgedrewe Lewe", dat ons 5 doelwitte op aarde het:

**Verheerliking:** Aanbid & verheerlik ons Here Jesus

**Sorg** (gemeenskap): Neem deel aan, en wees deel van die gemeenskap van die gelowiges

**Groei** (dissipelskap): Word geestelik volwasse, m.a.w. groei in die geloof.

**Dien** (Bediening): Gebruik jou gawes & talente tot eer van die Here

**Vertel** (Evangelisasie): Vertel ander ander die Goeie Nuus en Blye Boodskap van Jesus

**St Francis van Assisi het gesê** "Share the gospel at all times, and if necessary, use words"



## NUUSKRUMMELS: 27 JULIE 2017

## NUUS UIT DIE KERKKANTOOR

### DINAMIET KIEDZ (3rde kwartaal se program is onder aangeheg)



Kyk waarheen gaan ons hierdie kwartaal met ons kindertjies!!! 😊 Ons sien erg uit om saam met ons gids, Mnr Avon Tier, die kinders meer te leer oor Moses se pad met die Here en die Israeliete.

**Ons wil ook baie graag hierdie kwartaal vir die Ereveldwagters van die Tankwa Karoo Nasionale Park help om uit te reik na die kindertjies van die volgende skole: Middelpos, Rietbron, Elandsvlei en Matjiesrivier**

Daar is baie armoede en ons wil graag klere en skoene skenk wat die skole dan sal uitdeel. Dit is vir Gr1 tot Gr7

## D6 COMMUNICATOR

Soos belowe, het ons nog 'n manier gekry om effektief met jou te kommunikeer. Laai asseblief die toepassing af op die skakel wat jy reeds per epos ontvang het. Dit is gratis om af te laai en minimale data word gebruik NET as dokumente/nuusbriewe of foto's oopgemaak word. **MTN gebruikers se dataverbruik is GRATIS.** Kontak gerus die kerkkantoor met enige navrae of probleme (021 853 5991)



In opvolg van ons Pinkster Onderwerp "**ONS HOUDING IN ONS**

**VERHOUDING**" word jy uitgenooi na 'n spesiale Naweekkursus om die kwaliteit van jou huwelik, of verhouding waarin jy staan, na 'n hoër vlak te neem.

**IMAGO KURSUS: Tema:** "Getting the Love you want"

**Datum:** 18 – 20 Augustus 2017

**Plek:** Lourensrivier Kerksaal

**Aanbieders:** Francois en Riana Hanekom

**Koste:** R800,00 per persoon

**Besprekings:** Lourensrivier Kerkkantoor

Vir verdere inligting, kontak Willem Botes @ 083 658 2154

## VOESELFEEES TUINPARADYS 2017

Hallo almal

Dis weer kopkrap en groot beplanning vir ons fees, maar sonder ons gemeente kan ons dit nie doen nie. So skakel asb in en wees deel van ons insameling vir God se koninkryk. Ons is mos 'n groot familie wat saamstaan.

Saterdag, 2 September 2017 is dit weer potjiekos, so kom wees deel van ons pret. Kom maak jou Pot, ons het julle nodig vir die lekker kuier van buite waar die potte stoom en die vure brand. Kom geniet dit saam met ons. Neem asb die vrymoedigheid en skakel gerus vir Karin by 0825639506 of vir Gerda, Apolonia of die kerkkantoor as julle bereid is om 'n Pot te maak. Daar sal verskillende potte wees en kaartjies kan by die kerkkantoor gekoop word.

As jy kan help – hoe gering ook al - alles word só waardeer. Hierdie wa het mos nou regte “tyres” en 'n ratkas, so daar kan baie opgelaai word. Sê net en ons kom jou haal ☺

**Ons voeg weer 'n lys by van die Stalletjie Sameroepers, asook die lys van Gebak/Produkte/Bestanddele wat ons benodig.** Skakel asb die sameroepers waar jy met enige gebak, poedings ens. behulp-saam kan wees.

**Wat nog benodig word:** Wildsvleisbene, wat afgekook word vir wildspasteie. Skoon 2 liter roomysbakke vir die poeding, asook foam-a-lite bakkies vir die pannekoek.

Kindervermaak: Sanel benodig vir tombola – alle soorte speelgoed, ornamente, krieketkolwe, legkaarte, speletjies, motor- karretjies, poppe, sagte speelgoed, gesigverf ens. Alles wat benodig word, moet asb by die kerkkantoor afgegee word, of laat weet as dit afgehaal moet word. Indien jy 'n kontant-bydrae wil maak, kan dit ook by die kerkkantoor afgegee word of per EFT gedoen word.

**Bankbesonderhede:**

**ABSA Strand, NGK Lourensrivier**

**Rekeningnommer: 420580231**

**Verwysing: Jou naam & Vfees**

Enige navrae:

[charlene@lourensrivier.co.za](mailto:charlene@lourensrivier.co.za) of 021 8535991

### **VIR DUIDELIKHEID:**

Daar is wel wyke wat steeds gewillige Wyksverteenwoordigers en/of Dienswerkers het wat voortgaan met besoeke en kollektes en hulle sal met lyste by die huise omgaan.

Die lyste is by die kerkkantoor beskikbaar indien Verteenwoordigers/Dienswerkers dit graag wil gebruik.

Indien jou wyk nie 'n Verteenwoordiger/ Dienswerker het nie, kan die kerkkantoor gekontak word vir alternatiewe reëlings.

Ons sal ook kom kollekteer indien dit onmoontlik is om by die kantoor uit te kom.

Sal julle gereeld op hoogte hou waar, wanneer of wat gebeur.

Vriendelike Tuinparadys Voedsel feesgroete tot volgende keer

**Gerda: 021-8547191/0824661766**

**Apolonia: 021-8537560/0825077091**



**LYSTE IS ONDER AANGEHEG:**



## BAIE BELANGRIK!

MAG (Meisies Agter God) OGGEND:  
As jy 'n mamma, tannie, vrou, sussie, niggie, ouma of oumagrootjies is: Dit is waar jy die 9/9 MOET wees . Moenie uitmis nie, daar is soveel bederf!

Kaartjies by Lourensrivier Gemeente Kerkkantoor beskikbaar (021 853 5991) 📞 🗺️

- praise & worship 🎵
- spreker 😊
- danse 🕺
- pryse 🏆
- eet- en drinkgoed 🍷
- photobooth 📷

Moet asseblief nie van hierdie wonderlike oggend vergeet nie!

**NAVRAE: Anneli Theron @ 0715861808**

**ONDERSTEUN ASB ONS GEMEENTELEDE SE BESIGHEDE: Vir meer inligting en ook ander besighede, kan jy op ons** webtuiste gaan loer by:

<http://www.lourensrivier.co.za/index.php/besigheidsnetwerk> of op die D6 toepassing onder "Bronne".

**NUUT:**

Microsoft Partner  
Cloud and Enterprise  
Mobile and Education  
Service Partners

Let's rather make the connection

**IT Trust**

Your Corporate IT Partner for life

IT Trust - Johannesburg ☎ 0860 404 404  
IT Trust - Cape Town ☎ 021 854 4200  
www.ittrust.co.za

**IT Trust**

For trusted ICT solutions and support.  
TEL: 0860 404 404 / [www.ittrust.co.za](http://www.ittrust.co.za)

- Onsite IT Support & Maintenance
- Backup Management
- Security Management
- Hardware & Software
- Domain Hosting
- Network Management
- IT Consulting
- Cloud Services

Partners: hp, DELL, eset, mumeast, NOD 32

**Thunga Tentmaker**

Manufacturing and Repairs of Tents  
Gazebos • Lapas • Groundsheets  
Covers • Awnings • ..... and more

PAUL BOTHA 021 854 7099 | 082 936 8257  
Trading Hours: Mon-Fri: 08h00 - 17h00  
Sat: 08h00 - 13h00

**15% OFF**

**PENSIONER MONDAY'S**

073 115 1169  
[bodyfixstudio@gmail.com](mailto:bodyfixstudio@gmail.com)

**BODYFIX MASSAGE STUDIO**

## NUUS UIT DIE GEMEENSAP

**CapePrivateTours  
& Transfers**

**Jeanette van Zyl** Private Full/Half day Tours  
Airport Transfers  
Point-to-point transfers  
7 Seater VW Caddy Crew bus

+2773 250 2777  
capeprivate-tours-and-transfers@gmail.com

2017 Special:  
Full day Tours: 1-2 Pax R2250, 3 - 4 Pax R2600, 5 - 6 Pax R2800

### BYEENKOMS: BERG-EN-SEEKLUB VIR SENIOR BURGERS

DAT: Donderdag, 3 Aug 2017 TYD: 9.30  
PLEK: NGK Moedergemeente Kerkzaal,  
Andries Pretoriusstr 77, Somerset-Wes  
ONDERWERP: Taaldag oor die stand  
van Afrikaans.  
SPREKER: Prof M Le Cordeur: Hoof:  
Kurrikulumdienste, Fakulteit Opvoedkunde  
US.  
Lede R10, Besoekers R5

### STRAND DIENSSENTRUM BASAAR (NPO 011 – 303) DE VILLIERSSTR 30, STRAND

SATERDAG 5 AUGUSTUS 2017 VANAF 9H00

Kom geniet van ons lekkernye soos Pannekoek, Poeding, Koektafel, Hamburgers, Kerrie & Rys, Roosterkoeke ens

Pragtige handwerk te koop asook 'n wit olifant tafel!!

Ons nooi almal vriendelik uit om die Dienssentrum te kom ondersteun met ons jaarlikse fondsinsameling! Heerlike musiek word verskaf! **ALMAL WELKOM!!!**

### SNOEKBRAAI TEN BATE VAN HUIS ESPERANZA

DATUM : VRYDAG 28 JULIE 2017

PLEK : HUIS ESPERANZA, DONALDSONSTR 11, STRAND

TYD : WEGNEEMETES KAN TUSSEN 15h00 - 18h00 BY DIE TEHUIS AFGEHAAL WORD.

ETE : SNOEK, PATAT, BROOD & KORRELKONFYT

KOSTE : R45 PER PERSOON VIR N RUIM PORSIE

NAVRAE / BESTELLINGS : Susan 021 854 7393



**ACVV Speelkasteel** soek asb persone om op ons beheerraad te dien. Die persoon moet kinders se behoeftes op die hart dra. Daar word slegs een vergadering per maand gehou.

Kontak gerus 021 8537865 of speelkasteelstrand@acvv.org.za indien u belangstel.

Groete, Mandi Putter (Administratiewe Beampte)

Tel: 021 853 7865 of Faks: 086 218 0305



### **HUIS TE HUUR:**

Huis in sekuriteitskompleks, Summervale Lifestyle Retirement Village, Gordonsbaai, van 1 Sept. 2017  
2 Slaapkamers, 1 Studeerkamer, 2 Badkamers, enkel garage met n verdere afdak parking.

Op terrein is mediese versorging, verhitte onderdak swembad en restaurant.

Bedrag: R10500 pm (Inwoners bo 50 jaar)

**Kontak: Nic Pienaar @ 0828789486**

### **GARAGE TE HUUR:**

As iemand ekstra spasioek vir 'n motor of om goed te stoor in die Strand. Ons het n ekstra gaatjie.

Dis veilig gesluit agter heining ook. **Kontak: Rensia @ 0714361295**

### **BERG 80 VERJAARSDAE**

**LET WEL: Ouderdom aangedui is huidige ouderdom:**

**Ons gebed vir jou: Num. 6:24-16**

Die HERE sal jou seën en jou behoed; die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees; die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Nell	Hermanus	08/03	90
Verster	Jean	08/04	80
Kies	Marguerite	08/06	81
Marx	Makkie	08/06	92
Meyer	Nella	08/07	80
Fourie	Set	08/14	85
Liebenberg	Lydia	08/16	93
De Kock	Truida	08/20	84
Schoeman	Aquila	08/26	84
Mostert	Myra	08/29	87



## **KNIEWERK:**

- ✦ Bid vir waterkrisis, SA en volkome toewyding aan ons Here.  
Dankie Heer vir reën wat reeds geval het!
- ✦ Kankerbehandeling: Paul Louw; Owen Wallis; Amanda Vosloo; Sannie le Roux; Annette Laten
- ✦ Angelique Stassen vir gesondheid
- ✦ Jan Volschenk vir bestraling by Tygerberg Hospitaal
- ✦ Bettie Nicholls herstel na knieervanging
- ✦ Paul Jacobs vir gesondheid
- ✦ Yvonne Blom herstel na knieevanging
- ✦ Innige meegevoel met die Koch familie met die heengaan van Cynthia Koch

## **TERUGVOERING/GEBEDSVERHORING:**

**Ons wil baie graag weet hoe dit gaan met almal vir wie ons bid. Hou ons asb op hoogte.**

## **FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK DEEL VAN SONDAG 18 JUNIE SE BOODSKAP: Mat 13:31-52 (AGSTE WEEK IN KONINKRYKSTYD)**

Op die voetspoor van Jesus

Jesus se hele lewe getuig van dit wat Hy hier leer: die krip; die donkie as rydier; die kruis. Mense kon met reg vra: "Watter soort koning is dit?"

Jesus kom vertel van 'n ander grootheid. God se koninkryk is groot. Maar nie soos óns grootheid beskou of bereken nie. God meet anders. God se koninkryk is soos 'n mosterdsaad en soos suurdeeg.

Ons kan weer met reg vra: "Watter soort grootheid is dit?" Saad is onbeduidend; die suurdeeg onsigbaar en niksseggend. Maar die saad word 'n boom. En die suurdeeg deurtrek die totale stuk deeg en verander die hele struktuur daarvan. Albei werk op onverklaarbare maniere en gaan onstuitbaar voort om groter te word.

So is God se koninkryk: onverklaarbaar; kragtig en onstuitbaar. Die grootheid moet ons raaksien en aangryp: die krip; die klein volkie; die skrynwerker; die vissermanne; ja, die kruis. Die predikant wat getrou die Woord bring; die sendeling onder 'n boom; 'n kind wat stil Bybel lees; 'n bietjie water by die doop; 'n slukkie wyn en 'n stukkie brood. So lyk God se koninkryk.

Ons soek ook groot goed: kerke, katedrale, skares van mense en donderende lofsange. God is daar, maar Hy is ook daar waar stilgesit word by 'n ou mens; 'n koppie sop gegee word; 'n kind se klagte gehoor word; 'n hand van hulp aangebied word. Daar kom God se koninkryk ook.

Daar waar die kinders van die koninkryk ingeknie word in die deeg van die daaglikse lewe – daar kom die koninkryk. Dit is werklike grootheid!

Om dit werklik raak te sien – is om 'n skat te ontdek, die lewe te vind. Hier is God se koninkryk. Ek moet myself prysgee om deel van die grootheid te word.

Ander soek hierdie openbaring van God se koningskap en as hulle dit op die regte plekke vind – gee hulle alles prys om deel daarvan te word en die vreugde van hierdie manier van lewe te ervaar.

Aan die einde van die tyd sal almal ingetrek word. Die wêreld, die kerk, die heiliges en die onheiliges sal almal finaal op die oordeelsdag geskei word. En die kinders van die koninkryk van die hemel sal skyn soos die son.

So is die Koninkryk van die hemel.

Manne Wat Glo sing oor hierdie  
Mosterdsaad:

<https://www.youtube.com/watch?v=XhTwsfAdG5I>

Jackie@Lourensrivier  
**OORGEE, OMGEE, AANGEE**



# DINAMIET KIEDZ LOURENSRIVIER GEMEENTE

Jenningsstraat 55; STRAND  
Tel: 021 853 5991  
Faks: 021 853 8009  
Gemeentekode: 00265  
[www.louensrivier.co.za](http://www.louensrivier.co.za)



FB: Louensriviersemense EN Dinamiet Kiedz

**PROGRAM: 3DE KWARTAAL (Julie tot Sep 2017)**  
**Graad 1 tot Graad 7 (08:45 - 10:15)**

Ma.	24/07/2017	Skole open	
So.	30/07/2017	Les 1	4x4 Avontuur, GPS bestemming: Eksodus
So.	06/08/2017	Les 2	4x4 Avontuur, GPS bestemming: Eksodus
So.	13/08/2017	Les 3	4x4 Avontuur, GPS bestemming: Eksodus
So.	20/08/2017	Geen Kinderkerk	Ds Botes – verhoudings naweek in saal
So.	27/08/2017	Les 4	4x4 Avontuur, GPS bestemming: Eksodus
So.	03/09/2017	Voedsel fees in saal	Geen Kinderkerk
So.	10/09/2017	Les 5	4x4 Avontuur, GPS bestemming: Eksodus
So.	17/09/2017	Les 6 & 7	4x4 Avontuur, GPS bestemming: Eksodus
So.	24/09/2017	Langnaweek	Geen Kinderkerk
Vry.	29/09/2017	SKOLE SLUIT	

Belofteland (1-6 jariges)	Gr 1-6	Gr 7
 <p><b>Op pad met Jesus</b> Saam met BlinkBen Outeurs: Riana Andersen en Chrissie Kritzinger Illustrasies: Magriet Brink</p> <p>BlinkBen is 'n oulike karretjie wat saam met die kinders op reis gaan. Sy doen en late – én soms streke – bied die aanbieder die geleentheid om geestelike waarhede aan die kleuters oor te dra.</p> <p><b>KidsXpress</b> Outeur: Tania Schultz Illustrasies: Magriet Brink</p>	 <p><b>4 X 4 Avontuur vir Kinders</b> 'n Woestynreis deur die boek Eksodus Outeur: Tania Schultz</p> <p>'n Reeks van 6 lesse oor die lewe van die volk van God vanaf die beloftes van Abraham tot die bou van die Tabernakel.</p> <p><b>KidsXpress</b> Outeur: Tania Schultz Illustrasies: Magriet Brink</p>	 <p><b>My Blink ID</b> Saamdoen idees oor wie ek in Jesus is</p> <p>24 Blink Idees om kinders te help om hul identiteit in Jesus te ontdek en uit te leef. Speel dit los met 'n spelletjie wat raakpunte het met die tema van die dag. Praat dit uit in die saamgesels Bybelstudie. Knoop dit vas in die ID-boekie propvol aktiwiteite en Bid dit deur.</p> <p><b>KidsXpress</b> Outeur: Tania Schultz Illustrasies: Magriet Brink</p>

Diensbaar vir Jesus

Sanel Woodward (082 706 8642) - Eposadres: [sanel@strandfoam.co.za](mailto:sanel@strandfoam.co.za)

# PLAK TEEN JOU KOELKAS ASB. - Om te onthou om te onthou!



## OPNAME: PRODUKTE / BESTANDDELE / GEBAK

"vir ons Voedsel fees - 02 Sept 2017"

Kontak asb jou Wyksverteenvoerder of Dienswerker voor/op 31 Julie met 'n lys van produkte/bestanddele wat jy sal kan bydra. Indien daar nie 'n dienswerker is nie, lewer asb by kerkkantoor af, of kontak ons by 021 853 5991 vir alternatiewe reëlings. Sien onderstaande lys vir produkte/bestanddele wat benodig word. Elke bietjie help.

Die beloofde bestanddele-/produkte moet **nie later as 11 Aug.** by die kerkkantoor ingehandig word nie - (duidelik gemerk vir watter stalletjie).

Inmaak produkte / Ander Gebak - reël met of kontak stalletjiesameroeper (sien lys).

Beloofde "**Vars**" Gebak word eers **Sat. 02 Sept.** om 08:00 na die Voedsel fees gebring.

Baie-baie dankie - sonder jou hulp en bydrae sal onse Voedsel fees verseker nie 'n sukses kan wees nie.

<i><b>Groot asb.!</b></i> <i><b>Enige soort gebak... byvoorbeeld...</b></i>	<i><b>Groot asb.!</b></i> <i><b>Bestanddele wat benodig word is bv...</b></i>
Grootkoeke	Meel
Melkterte	Bakpoeier
Terte (Appel, Topsy, ens.)	Eiers
Kaaskoek	Olie
Quiches	Suiker
Pasteie (groot & kleintjies)	Margarien
Hoenderpastei (groot en kleintjies)	Botter
Wildspastei (groot & kleintjies)	Jellies
Boboties (groot en kleintjies)	"Boxievla"
Beskuit - (diabeties ook)	Kondensmelk
Brode (wit, bruin, rond, plat, ens.)	Idealmelk
Muffins (alle soorte)	Versiersuiker
Kolwyntjies	Kaas
Droë Kleinkoekies	Groente
Roosterkoek	Wildsvleis
Poedings (Koue & gebak)	Maalvleis
Fudge	Skaap of beesvleis
Klapperys	Hoenders
Brownies	Pasta (Fruit & Veg)
Tuisgemaakte lekkers	
Kindertafel: lekkergoedmandjies, ens.	
<b>Ingemaak:</b> beet, chutney, mosterd	
olywe, uitjies ens.	
<b>Konfyte:</b> enige soort	

Ons het heerlike KLEINKOEKIE-, BROOD & BESKUIT-, POEDING- en LEKKERS RESEPTE by Kerkkantoor. KOM HAAL GERUS .....!!! Skakel net vooraf!

**Baie-baie dankie!!!**

Vir gebak en hulp: kontak sameroepers asb. - ons Voedsel fees het jou en my nodig!!

## Voedsel fees 2017 - 2 September 2017

	Stalletjies	Sameroepers	Kontaknrs.	E-Posse
1	Beskuit	Dorothea Schoeman	0845066862 / 021 854 5557	<a href="mailto:dorothaschoeman@yahoo.com">dorothaschoeman@yahoo.com</a>
		Suzanne Botha	0731709605 / 021 854 4022	<a href="mailto:suzannebotha5@gmail.com">suzannebotha5@gmail.com</a>
		Elfie du Toit	0733756727 / 021 850 8080	<a href="mailto:edutoit3@gmail.com">edutoit3@gmail.com</a>
2	Koffie	Flip & Katy Huysamen	0829272288 / 021 853 4609	
		Frans Visagie	0824621029 / 021 853 8940	
3	Grootkoeke & alle soorte terte	Judy Potgieter	0825994941	<a href="mailto:jmpotgieter@distell.co.za">jmpotgieter@distell.co.za</a>
4	Kaaskoek & Suurlemoentert	Jeanne Botha	0761539805 / 021 853 8489	<a href="mailto:ian.jeanne@hotmail.com">ian.jeanne@hotmail.com</a>
		Elsie Gunter	0834038716	<a href="mailto:edewaalgunter@gmail.com">edewaalgunter@gmail.com</a>
5	Kleinkoekies	Corrie van Niekerk	0733634828 / 021 854 8043	<a href="mailto:barniecorrie@gmail.com">barniecorrie@gmail.com</a>
		Kotie Spangenberg	0732494815 / 021 854 7973	
		Lizette Pieters	0835005400 / 021 853 7244	<a href="mailto:lizettepieters1@gmail.com">lizettepieters1@gmail.com</a>
6	Lekkergoed / Koeldrank	Marlene Moore	0726605251	<a href="mailto:mooremarlene56@gmail.com">mooremarlene56@gmail.com</a>
		Coral Strydom	0826008470	<a href="mailto:coralstrydom@gmail.com">coralstrydom@gmail.com</a>
7	Kolwyntjies	Jeanette v/d Merwe	0724807485	
		Ingrid Pienaar	0835920364	<a href="mailto:advanpienaar@gmail.com">advanpienaar@gmail.com</a>
8	Muffins (verskeidenheid)	Gerda de Villiers	0824664766 / 021 854 7191	<a href="mailto:jh.ngdevilliers@gmail.com">jh.ngdevilliers@gmail.com</a>
	Soet en Sout			
9	Pannekoek	Amanda Slabber	0825869519 / 021 8548189	
10	Tee	Marguerite Kies	0843998875 / 021 854 8046	
11	Roosterbroodjies	Ingeborg de Kock	0722353716 / 021 8533927	<a href="mailto:ingeborg@gusstoday.com">ingeborg@gusstoday.com</a>
12	Roosterkoeke	Gail Fourie	0837892190 / 021 856 4308	<a href="mailto:gailfourie.gf@gmail.com">gailfourie.gf@gmail.com</a>
		Jean du Plessis (braaier)	0722138404 / 021 853 6885	<a href="mailto:dupie2204@yahoo.com">dupie2204@yahoo.com</a>
13	Vetkoeke	Gail Fourie	0837892190 / 021 856 4308	
		Marianne Hanekom	0836031025 / 021 8508024	<a href="mailto:mymasekind@yahoo.com">mymasekind@yahoo.com</a>
14	Quiches / Soutterte	Elsa le Roux	0836555812 / 021 854 8144	<a href="mailto:spencerlerouxmot@absamail.co.za">spencerlerouxmot@absamail.co.za</a>
15	Pasteie / Bobotie / Geregte	Liesbet de Jongh	0736300268 / 021 854 8198	<a href="mailto:liesbetdejongh@yahoo.com">liesbetdejongh@yahoo.com</a>
16	Olywe / Wraps / Pitabroodjies			
17	Poeding (koud & warm)	Suzette de Lange	0834526846 / 021 853 3577	<a href="mailto:zetdel@xsinet.co.za">zetdel@xsinet.co.za</a>
		Johanna Roets	0832320813 / 021 853 7692	
18	Potjiekoskompetisie (Saterdag)	Karen Carstens	0825639506 / 021 853 2695	<a href="mailto:karen@atstransport.co.za">karen@atstransport.co.za</a>
19	Kindervermaak / Tombola	Sanel Woodward	0827068642 / 021 854 8276	<a href="mailto:sanel@strandfoam.co.za">sanel@strandfoam.co.za</a>
		Karin Kuys	0836430653	<a href="mailto:karinkuys@gmail.com">karinkuys@gmail.com</a>
20	Boereworsrolle	Mans Omgeegroep		
	Sameroepers: Stalletjies	Gerda de Villiers	0824664766 / 021 854 7191	<a href="mailto:jh.ngdevilliers@gmail.com">jh.ngdevilliers@gmail.com</a>
		Apolonia Maritz	0825077091 / 021 853 7560	<a href="mailto:appelsm49@gmail.com">appelsm49@gmail.com</a>